# JEUG ALPHA: Sessie 9
# Hoe kan ek die beste maak van die res van my lewe?

## 1. <u>PRAISE AND WORSHIP</u>

## 2. <u>YSBREKER:</u>

- Ek gaan vir die kinders so paar goor opdragte gee om uit te voer. Niemand word gedwing om dit te doen nie. Die leiers kan hulle bietjie aanpor as hulle wil, maar die idee is eintlik dat hulle die moed sal hê om te weier.
- **<u>Opdragte</u>**: Gee hondekos om te eet; druk jou tong in jou maat se oor; suig jou maat se groottoon; maak ‘n slegte mix van bv koeldrank met spices soos gemmer, kaneel en peper aan en kyk wie dit sal drink.

## 3. <u>INLEIDING:</u>

Ons gaan vanaand gesels oor hoe jy die beste kan maak van die res van jou lewe. Een van die goed wat jy redelik gaan hoor is druk om in te pas en dinge te doen wat jy nie eintlik wou doen nie. Dis hoekom ons die ysbreker gedoen het. Niemand was geforseer om enige van die sleg goed te doen nie, ons wou eintlik hê dat jy moes weier om dit te doen.

Ons gaan vanaand stilstaan by Rom 12:1-2

“En nou doen ek ‘n beroep op julle, broers op grond van die groot onferming van God: Gee jullself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

## 4. <u>VIDEO CLIP</u>: Vrae tydens die video clip:

(hierdie vrae word tydens die video clip gevra en deur die groepe beantwoord)

**<u>Vraag 1</u>**: If you could go back in time and give your past self some advice, what would you say?
(As jy kon teruggaan in tyd, en vir jou verlede self raad gee, wou sou dit wees?)

**<u>Vraag 2</u>**: How have you felt pressured to fit in?
(Hoe het jy gedruk gevoel om in te pas?)

- Hierdie sessie praat oor hoe Jesus se manier anders as die van die wêreld is. Hoe voel jy daaroor?
- Het jy al ooit agtergekom dat jy die keuse maak om iets te doen net omdat die mense rondom jou dit doen?

**<u>Vraag 3</u>**: How do you feel about the idea that God has a purpose for your life?
(Hoe voel jy oor die idee dat God ‘n doel vir jou lewe het?)

- Dink jy ‘n verhouding met God behoort ‘n invloed te hê op wat jy doen en die manier hoe jy leef?
- Is dit vir jou moeilik om God (of enige iemand anders) met jou toekoms te vertrou? Hoe?

## 5. PERSOONLIKE TYD:

Ons gaan van hier af nie verder in die groepe gesels nie, julle gaan elkeen ‘n blaai met ‘n paar diep dink vrae kry wat julle op hulle eie moet beantwoord. As jy in hierdie persoonlike tyd voel jy wil jou hart vir die Here gee sal daar leiers agter in die saal wees wat jou daarmee sal help. As jy vrae het rondom die vrae wat jy op die blaai moet beantwoord kan jy dit vir jou leier vra.

## 6. OPSOMMING

Buttom line vanaand is dat as ek my hart vir Jesus gegee het, moet my lewe begin verander en dit wys. Ek kan nie meer dieselfde leef en dieselfde dinge doen as wat ek voorheen gedoen het nie. My lewe moet nou ‘n advertensie wees van die keuse wat ek vir Jesus gemaak het.

## 7. Sluit af met gebed en deel selfone uit

## PERSOONLIKE TYD VRAE:

1. Wat keer jou om vanaand jou hart vir Jesus te gee?
2. Wat in jou lewe sal moet verander as jy vanaand jou hart vir Jesus gee? Wat sal jy moet ophou doen?
3. Hoe kan JOU ore Jesus dien?
4. Hoe kan JOU oë Jesus dien?
5. Hoe kan JOU mond Jesus dien?
6. Hoe kan JOU voete Jesus dien?
7. Hoe kan JOU liggaam Jesus dien?